

BUSHMAN'S RIVER MOUTH / BOESMANSRIVIERMOND
Ratepayers' Organisation / Belastingbetalersorganisasie
(BRRAG)
P.O.Box / Posbus 90, Boesmansriviermond, 6190
Website: www.brm.org.za/

BRRAG NUUSBRIEF / NEWSLETTER **MRT / APR 2011**

BRRAG se leuse is ONS MAAK DIE VERSKIL. Wat beteken dit, en veral, wie is ONS?
As die belastingbetalersorganisasie kan ons 'n verskil maak deur eerstens op'n deurlopende basis bewus te wees van alle munisipale aksies en beplande aksies sowel as die status van dienslewering. Tweedens maak ons 'n verskil deur insette te lewer ten opsigte van hierdie aksies en dienslewering. Derdens speel ons 'n rol deur toesig te hou oor die uitvoering van sodanige aksies en dienslewering. Laastens speel ons 'n rol deur elke individuele inwoner en vakansieganger te motiveer om elkeen self verantwoordelikheid te neem vir hulle aksies in en om hulle wonings.
Die Uitvoerende Komitee van BRRAG neem oorhoofse verantwoordelikheid en is tans bv. betrokke by aangeleenthede soos 'n beplande vulstasie by die dorp se ingang, die inwerkinstelling van sekuriteitskameras, verkeersveiligheidsmaatreëls by die dorpsingang, vullisverwydering, rioolbehandeling, algemene netheid van die dorp ens. Verder dien verskeie komiteelede ook op 'n aantal forums wat vir ons van belang mag wees.
Dit sou nou maklik vir inwoners wees om "HULLE" (die uitvoerende komitee en die munisipaliteit) verantwoordelik te hou vir alle aangeleenthede in die dorp. Uiteindelik is Boesmans egter ONS dorp en het elkeen van ONS 'n verpligting om ONS dorp 'n plesier vir almal te maak. ONS kan dit doen deur bv. nie

BRRAG's motto is WE MAKE A DIFFERENCE. What does it mean and above all who are WE?
As the ratepayers organization we can firstly make a difference by being aware of all municipal actions and planned actions as well as the status of service delivery. Secondly we play a role by giving our input into these actions and service delivery. Thirdly we play a supervisory role over the execution of such actions and service delivery. Lastly we play a role by motivating every individual resident and holidaymaker to take responsibility for their own actions in an around their residences.
The Executuve Committee of BRRAG takes overall responsibility and is currently for example involved in issues such as the planned filling station at the town's entrance, the installation of security cameras, traffic safety at the towns entrance, refuse removal, sewerage treatment and the general neatness of our town.
A number of the committee members also serves on various forums which are of interest to us.
It would be easy for residents to keep "THEM" (the executive committee and the municipality) responsible for all issues in town. In the end though, Bushmans is OUR town and we ALL have a responsibility to make sure the town is a pleasure for all. WE can do it by for example not merely putting our garden refuse in the street but to put it refuse bags for removal, by not letting your dog do its business in the street and to expect someone else to remove it and to phone

"We make the difference / Ons maak die verskil"

Executive Committee: Dirk Meiring (Chairperson) [072 672 1140], Sheila Swanepoel (Vice); Fanie Venter (Treasurer); Corris Krogscheepers; Ernst Linström, Pieter Mouton, Andrew Murray, Annabelle Northrop; Bill Northrop, Ian Smith, Roy Somers, Anton Vosloo.
Subcommittee members: Peter Bowen, Val Bowen, Dave Chalmers, John Charter, Rassie Erasmus

bloot tuinafval op straat te los nie maar dit in vullissakke uit te sit vir verwydering, nie u hond sy take in die straat te laat doen en te verwag iets of iemand moet dit optel nie, en deur self die betrokke persoon by die munisipaliteit te skakel indien u die een of ander probleem ondervind, en nie te verwag dat bv ‘n komiteelid dit moet doen nie. Ons is tans besig om ‘n gids op te stel wat u in hierdie verband van hulp sal wees. Die komitee lewer nie munisipale dienste en kan nie as ‘n alternatiewe munisipaliteit optree nie.

Baie dankie vir u samewerking.

Dirk Meiring (Voorsitter/Chairman)

2011-04-04

the relevant person at the municipality yourself should you experience a problem and not to expect a committee member to do it for you. We are in the process of compiling a guide to assist you in this regard. It should be remembered that the committee does not deliver municipal services and cannot serve as an alternative municipality.

Thank you for your co-operation.